# Waterkruik

JAARGANG 65 NO 36 6 September 2026

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-WaterkloofranPretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## EREDIENSTE VANDAG

Beide eredienste word deur ds. Jan-Louis Lee gelei.
*Ons bid jou die seën van die Here toe op die verkondiging van die Woord.*

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie
***By die deure:*** Kerkkas

## DIENSBEURTE

**Sondag 6 September**
**Oggend: Wyke 07 & 02**
*Oudle.* Hennie Steenkamp
Johan Reynders
*Diakens:* Herman van Heerden
Hanno Steenkamp
Christiaan Oosthuizen
Riaan Reineke

**Aand: Wyke 3 & 4**
*Oudl.:* Henning Noëth
Gerhardt Koekemoer
*Diakens:* Otto de Vries
Theuns van Wyk



## TEESKINKBEURT

*Tommie en Emzy Venter*, die doopouers, en wyke 5 & 8 *olv Karmien Buys en Chrisna Robberts* nooi almal hartlik uit om na die erediens saam tee en koffie te kom geniet.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Sondagaand:** Bybelstudie vir die jongmense 18 - 30

**Maandag:**
Graad 8: 17:15-18:00
Graad 11: 18:00-18:45
Graad 9&10: 19:15-20:00

**Dinsdag:**
**09:30** Jeug van Gister

**Donderdag:**
09:30 Bybelstudie – Konsistorie

**Saterdag:**
09:30 Damesontbyt

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Die Here sal jou beskerm teen elke onheil; Hy sal jou lewe beskerm."*
*Ps 121:7*

*Vandag 6 September*
Marissa de Villiers 082 467 8507
Maarteli Smit 082 675 5571
Roe Venter 079 679 0002

*Maandag 7 September*
Kobie van Wyk (jnr) 076 981 7216

*Dinsdag 8 September*
Theuns van Wyk (snr) 083 377 9658
Susan Chambers VSA +67 5713 57837
Francois van Staden Duitsland +491608439395

*Woensdag 9 September*
Christine Lemmer 061 251 7936
Mariska Steenkamp 082 550 1356
Theunis van Wyk 083 680 7844

*Donderdag 10 September*
Stefan Esterhuizen (11) 084 404 1100
Vanessa Vermaak 082 876 0270

*Vrydag 11 September*
Janes Pretorius 068 650 2943

*Saterdag 12 September*
Santefielie Kuyper (82) 082 925 8802

*Br. Roe Venter vier vandag sy 91ste verjaarsdag en sr. Santefielie Kuyper vier Saterdag haar 82ste verjaarsdag.*

*Ons bid julle die Here se rykste seën toe op die nuwe lewensjaar. Mag julle gelukkig wees en goeie gesondheid geniet en mag julle 'n mooi dag saam met julle geliefdes deurbring.*



*"Gaan sy poorte binne met lofprysing,*
*sy voorhowe met 'n loflied;*
*loof Hom, prys sy Naam.*
*5Want die Here is goed,*
*vir ewig duur sy troue liefde,*
*van geslag tot geslag sy trou."*
Ps. 100: 4 & 5

## MEELEWING

Vanoggend word die verbondseuntjie van *Tommie* 083 653 4339 en *Emzy 079 511 0197 Venter* gedoop. Hartlik geluk. Mag *Lourens* vir julle en sy boeties, *Derik en Willem,* en vir die familie groot vreugde bring. Ons bid dat die God van wordende geslagte aan julle die genade, wysheid en insig sal gee om Lourens saam met sy boeties, op te voed tot eer en verheerliking van Sy Heilige Naam. Ook hartlik geluk aan *Hannetjie Venter* 083 417 2367 met haar kleinkind se doop en aan die ander familie. Mag hy julle baie plesier gee. (*Sien berig oor Lourens se naam hieronder)*

*Frans Schutte* het die afgelope Maandag 'n operasie aan sy rug ondergaan. Daar was egter infeksie in die been en hy ontvang nou binneaarse antibiotika. Ons bid dat die Here die medisyne sal seën en dat die infeksie spoedig opgeklaar sal wees.
083 304 0357

*Elaine Oberholzer* het 'n suksesvolle prosedure ondergaan om 'n pasaangeër te ontvang, en sy sterk tans tuis aan. Ons is dankbaar dat alles goed afgeloop het en bid vir haar 'n vinnige herstel toe. 074 454 8223

## *JEUG VAN GISTER*

Jeug van Gister vergader Dinsdag, 8 September om 9:30 in die saal.



Vir die dag het ons 'n interessante onderwerp: Hoe leef ons wys, te midde van die kompleksiteit in vandag se tye.

Hieroor gaan ons almal saampraat en besin. Dit klink soos 'n hogere , diepe onderwerp , maar eintlik is dit waar en waarin ons onsselwers elke dag bevind. Kom praat saam, sê jou sê en vra jou vrae en word wys.

En as ons die spoor dalk byster raak, is Klarissa Engelbrecht daar om ons op koers te hou.

Almal welkom.

## ATTESTAAT

*Johan Scheepers* sê gemeenskap op met die Gereformeerde Kerk en sluit aan by die Gereformeerde Kerk Linden.

## BEROEPENUUS

**Beroepe ontvang**
Ds. MH (Marco) le Roux van GK Reitz/Lindley na GK Wolmaransstad

## WAAR KOM LOURENS JUDA SE NAME VANDAAN?

Die "Lourens" - wat ook sy noemnaam is - kry hy by sy oupa-grootjie (Lourens Johannes Botha, Emzy se Ma se Pa) wat DV saam met ons hier is vandag. Oupa Louis , soos ons hom ken, het die voorreg gehad om net so twee weke voor Lourens se geboorte 91 jaar oud te word. Deur sy lewe het hy vir ons gewys hoe 'n Godvresende man lyk, en ons wens vir Lourens is dat hy ook sal opgroei tot 'n Godvresende man.

Die "Juda" kry ons uit Genesis 29:35, waar Lea besef het dat kinders (veral seuns) nie iets is om jou man (of enige ander mens) oor te haal nie, maar liewer 'n geskenk van die Here, en gesê *"Hierdie keer sal ek die Here prys."* Daarom het sy hom Juda genoem. Ons wens vir Lourens is dat hy deur sy lewe die Here sal prys soos ons ook die Here prys vir nog 'n seuntjie in ons gesin.

Baie dankie vir elkeen wat van hier getuies is. Mag ons mekaar help in die taak om die volgende generasie Godvresende manne en vroue op te voed om die Here te prys in alles wat hul doen!

## PROGRAM VIR SEPTEMBER

8 September: 09:30 Jeug van Gister
12 September: 09:30 Damesontbyt

14 September: Klassisvergadering

20 September: Jong Lote funksie

## LEEF IN VOLKLEUR DAMESONTBYT

Maandag 7 September is die **laaste geleentheid** om te kan bespreek vir hierdie wonderlike geleentheid.

**12 September 2026 om 09:30**

Trek jou vrolikste, bontste rok aan en kom kuier saam met die susters. Sandra Reynders gaan die dag verder vir ons inkleur. En dit kos net R50 vir 'n volkleur ontbyt !!! Kom kuier saam en smee so geloofs- en vriendskapsbande. Bespreek by Nienke, 083 398 9080 Jy kan kontant of in die kerk se rekening inbetaal. ABSA . 000 340 685 Verwysing: Dames – en jou naam.

Sien jou daar !!!









| Staanplekke<br>Naam en van | |
|---|---|
| Justin en Ronelle (R1100) | |
| Piet en Elmarie (R1100) | |
| Gert en Franske (R1100) | |
| Kobie en Gene (R1100) | Staanplek 42 |
| Gerhard en Vanessa (R1100) | Reeds betaal |
| Neels en Wena (R1100) | |
| Jannie en Phthessa (R1100) | |
| Arie en Daleen (R1100) | |
| (R1100) | |
| (R1100) | |

*Daar is ongelukkig net nog kampplekke beskikbaar. Bespreek by Nienke 083 398 9080*

# GEMEENTEFEES

## Reis-Rondom-die-Wêreld – 'n Gemeentefees om te onthou!

## Wat 'n fees! Wat 'n dag! Wat 'n sukses!

Verlede Saterdag het ons Gemeentefees behoorlik lewe gekry met "Reis-Rondom-die-Wêreld" – en dit was 'n dag wat jy eintlik self moes beleef om te verstaan hoe lekker dit was!

Van die oomblik wat jy tussen die pragtig versierde stalletjies ingestap het, was dit asof jy vir 'n dag lank die wêreld kon deurreis – sonder om eers 'n paspoort te nodig te hê.

Die kos was uitmuntend, die atmosfeer heerlik en daar was iets vir groot en klein, oud en jonk om te geniet.

Spanje het uiteindelik as die groot wenners uit die stryd getree, maar Turkye was kort op hulle hakke en het dit 'n behoorlike kompetisie gemaak! Amerika het die gees gewen!
En toe was daar die Wit Olifant-tafel, wat behoorlik aftrek gekry het – met skatte wat nuwe huise gevind het.

Die Gawe- veiling was 'n reuse sukses en het selfs vir ons 'n paar verrassings ingehou… ons eie predikant is opgeveil!

En as dit nog nie genoeg was nie, het die kinders hom sommer behoorlik met verf bespuit. 'n Fees om te onthou!

As jy daar was, weet jy presies waarvan ons praat.
En as jy nie daar was nie… wel, volgende keer moet jy maar seker maak jou kaartjie is geboek!

Baie, baie dankie aan elke persoon wat hierdie dag moontlik gemaak het.
Aan almal wat stalletjies beplan, gebou en versier het; almal wat ure in die kombuis deurgebring het; almal wat kos, items, tyd, energie en idees bygedra het; en elkeen wat op enige manier gehelp het – ons waardeer julle!
Dit is juis deur elkeen se bydrae dat ons as gemeente so 'n wonderlike dag kon beleef.

Reis-Rondom-die-Wêreld was nie net 'n fees nie – dit was 'n dag van saamkuier, saamlag en saamwees.

Dankie dat julle dit 'n fees gemaak het om te onthou!

Die opbrengs vir Gereformeerde Kerk Eersterust sal in die komende week bekend gemaak word.



Sien nog fotos op die Kennisgewingsbord.




## GENIET DIE LEWE MET WYSHEID EN INSIG

Prediker 9:1-12

Op die oog af lyk hierdie hoofstuk maar mistroostig. Ons is almal op pad na die "doderyk" en die lewe kom eintlik tot niks (vs10). Dieselfde lot tref ons almal. "Soos wat dit met die goeie gaan, so gaan dit ook met die sondaar" (vs. 2). Eintlik is dit tog wat moderne mense, wat nie in die Here glo nie, vandag sê: Die lewe is maar net ons biologiese bestaan hier op aarde. Aan die onvermydelike einde daarvan kan ons niks doen nie.

Wat ons wel kan doen, is om die beste te maak van elke dag se bestaan. Doen die dinge wat lekker is en geniet die lewe. Vind vreugde in jou bestaan deur al jou diepste behoeftes te bevredig. Jy is hier vir jouself en sorg vir jou eie geluk. Jy het nie ’n ander doel as om jou eie geluk te ontgin nie. En as jy sterwe, kan mense jou lewe vier en dan voortgaan om hulle geluk te ontgin. Hierdie hoofstuk kan so gelees word as ons vers 1 weglaat.

Die motivering vir ons lewe hier op aarde lê in die woorde: “God regeer …” Om te weet dat God regeer, is wysheid. Wysheid is kennis wat spruit uit geloof. Die wyse mens weet dat ’n lewe onder God se regering heel anders lyk. Daar is ’n doel in my lewe en daar is grense vir my doen en late. My lewensdoel is om God te dien en my naaste te bedien met God se liefde.



My lewensgenietinge dra die geur van dankbaarheid vir genade. My geluk vind ek in die hand van die Here. En as ek sterwe, kan mense my opstanding vier en dan voortgaan.

Ja, die lewe is ’n fees. Veral vir die wyse mens.

*Prof. JM Vorster (Koos) (emeritus)*

## SNIPPERS

## OM IN TE TEKEN OP DIE KERKBLAD

Om in te teken op Die Kerkblad:
Kontak vir Angie by 018 297 3986 of tydskrifte@gksa.co.za
Intekengeld [11 uitgawes] is geldig vanaf 1 Julie 2026 tot 30 Junie 2027
R400 - word by ons kerk afgelewer
R610 - sluit posgeld/koerierdienste in
R170 - elektroniese uitgawe

## FAMIELIESTEMME

***FamilieStemme** is 'n samesang geleentheid waar die hele familie kan kom saamsing tot eer van die Here.*

*Geen oefening of ervaring is nodig om te kom saamsing nie. Bring die hele familie en nooi alle belangstellendes. Deel asseblief die skakel om deel te word van die groep wat meer inligting verskaf rakende die geleentheid. Kommunikasie sal tot die minimum beperk word om die las van 'n groot aantal boodskappe te vermy. Daar sal 'n ligte ete met koffie en tee bedien word na afloop van die geleentheid. Die aand is gratis met 'n vrywillige kollekte om die onkostes te dek en toekomstige sangaande te verseker. Soli Deo Gloria*

## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Henning Noëth
078 770 7519

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

**VOORS DIAK**
Phillip Fourie
072 295 5606

**OUDL. SKRIBA**
Péter Wassenaar
082 920 4474

**ORRELIS**
Hanlie Bekker
066 235 1202

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek.
No. 9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**
Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**KERKKAS**
Snap here to pay
SnapScan